Wat die statistiese gegewens wat in die volgende bladsye gebruik word betref, moet dit hier gemeld word dat die Reserwebank gedurende die jaar 1952 die leiding van die Internasionale Monetêre Fonds en die Verenigde Volkere Organisasie gevvolg het

deur die basisjaar vir al sy indekse van 1938 na 1948 te verander. Die oorskakeling na 'n na-oorlogse basisjaar is gedoen in die lig van die buitengewone ontwikkelings wat gedurende die oorlog en na-oorlogse jare in die Unie se ekonomie plaasgevind het, aangesien dit gevoel is dat meer realistiese indekssyfers op hierdie wyse verkry word. Die jaar 1948 is geneem as die nuwe basisjaar omdat dit, sover tans geoordeel kan word op grond van die ontwikkelings gedurende die jare 1946 tot 1952, 'n aanneembare na-oorlogse „norm“ skyn te verteenwoordig. Aangesien sekere reekse, bv. kleinhandelsverkope en aandelebeursomset, slegs vanaf 1948 beskikbaar is, het die oorskakeling na hierdie jaar as die nuwe basisydperk die verdere voordeel dat al die beskikbare indekse op 'n vergelykbare basis geplaas kon word. Tensy dus anders aangedui, is al die indekse wat in hierdie oorsig gemeld word, op die jaar 1948 = 100 gebaseer.

PRODUKSIE

Landbou. Die jongste voorlopige skattings van die Afdeling Ekonomie en Marke dui aan dat die bruto waarde van die landbouproduksie, wat van ongeveer £210 miljoen in 1949/50 tot sowat £291 miljoen in 1950/51 gestyg het, tot omtrent £255 miljoen in 1951/52 afgeneem het.

Die daling van ongeveer £36 miljoen vanaf 1950/51 tot 1951/52 word byna ten volle verklaar deur 'n afname van omtrent £35 miljoen in die waarde van die wolskeersel, nl. van ongeveer £79 miljoen tot omtrent £44 miljoen, wat die sterk daling in wolpryse gedurende hierdie tydperk weerspieël. Die waarde van die opbrengs van alle ander landbouprodukte saam het met slegs £1 miljoen afgeneem nl. van ongeveer £212 miljoen in 1950/51 tot omtrent £211 miljoen in 1951/52. In verband met hierdie syfers moet daarop gelet word dat hul op die jare geëindig 30 Junie betrekking het, en nie op die kalenderjare 1951 en 1952 nie.

Mynbou. Gewysigde syfers wat deur die Staatsmyningenieur gepubliseer is, dui daarop dat, met uitsluiting van steengroefprodukte, die waarde van die Unie se totale minerale opbrengs (grotendeels op verkope gebaseer), gestyg het van £203.8 miljoen in 1951 tot £214.4 miljoen in 1952, vergeleke met £193.3 miljoen in 1950.* Die verdere toename van 1951 tot 1952 was die gevolg van stylings in die


* Hierdie waardesyfers word aangegee met goud bereken teen 248/3 per fyn ons, en hul sluit dus nie die addisionele inkomste ontvang deur die goudmynmaatskappye t.o.v. goud verkoop vir vervaardigingsdoeleindes, en, gedurende 1952, t.o.v. skommelings in offisiële goudpryse, in nie. Hierdie addisionele inkomste het in 1952 ongeveer £4 miljoen bedra, in vergelyking met byna £7 miljoen in 1951, en ongeveer £2 miljoen in 1950.

waarde van opbrengs van meeste van die meer belangrike soorte minerale, en dit wil voorkom asof daar ook 'n aansienlike toename in die fisiese omvang van produksie was.

Die Unie se goudproduksie het gestyg van 11,516,000 fyn onse in 1951 tot 11,819,000 fyn onse in 1952, of, in waarde uitgedruk, van £142.9 miljoen tot £146.7 miljoen,* hoofsaaklik ten gevolge van die bereiking van die produksiestadium deur die Oranje-Vrystaatse myne, St. Helena en Welkom, teen die end van 1951, en die Wes-Transvaalse myne, West Driefontein en Stilfontein, gedurende 1952. Die gemelde vier myne was verantwoordelik vir 'n toename van 421,000 fyn onse van 1951 tot 1952, sodat al die ander myne saam 'n afname van ongeveer 118,000 fyn onse getoon het, wat die voortdurende arbeidstekort op die myne weerspieël.

Die hoeveelheid steenkool verkoop het toegeneem van 28,768,000 ton in 1951 tot 30,038,000 ton in 1952, of in terme van waarde, van £13.6 miljoen tot £14.6 miljoen, terwyl die verkope van koper op 'n gewigbasis effens gedaal het van 38,500 ton tot 37,600 ton, hoewel die waarde van £8.4 miljoen tot £11.6 miljoen gestyg het. Die verkope van alle ander onedele minerale saam het toegeneem van £18.5 miljoen tot £21.9 miljoen, terwyl die verkope van edele metale, uitgesonderd goud, effens toegenem het van £4.0 miljoen tot £4.7 miljoen, en dié van diamante gedaal het van £16.3 miljoen tot £14.8 miljoen.

Wat mynarbeid betref, het die gemiddelde maandelikse indeks van werkverskaffing van 113 in 1951 tot 116 in 1952 toegeneem, maar soos op die onderstaande grafiek gesien kan word, het die maandelikse indekse, na aansuiwing vir seisoenskommelings, ongeveer rondom 'n konstante peil gedurende 1952 geskommel, in vergelyking met 'n klein opwaartse beweging gedurende 1951.



Nywerheid. Alhoewel geen gegewens omtrent die totale fabrieksproduksie in die Unie vir die jongste tyd beskikbaar is nie, skyn dit, hoofsaaklik aan die hand van die indeks van werkverskaffing, asof daar 'n verdere toename in die fisiese omvang van produksie van 1951 tot 1952 was. Indien die sterk styging in die Unie se groothandelsprys gedurende hierdie tydperk ook in aanmerking geneem word, wil dit voorkom asof die waarde van die fabrieksproduksie 'n aansienlike toename ondergaan het.


Die indeks van werkverskaffing in die nywerheid, wat gestyg het van 103 in 1950 tot 109 in 1951, het verder toegeneem tot 112 in 1952, maar, soos van die bestaande grafiek afgelei kan word, is die opwaartse beweging in die maandelikse indekse gedurende 1950 en 1951, nie gedurende 1952 gehandhaaf nie en die neiging het min of meer konstant gebly op die peil wat teen die end van 1951 bereik is.

Elektrisiteit. Na aansuiwering vir seisoenskomplings, duï die indeks van opgewekte elektriese stroom dwarsdeur 1952 'n voortsetting aan van die taamlike sterk opwaartse neiging gedurende 1950 en 1951, soos op die bestaande grafiek aangedui word. Die gemiddelde maandelikse indeks het gestyg van 126 in 1951 tot 135 in 1952, vergeleke met 118 in 1950.

Boubedryf. Na 'n styging van 105.2 in 1950 tot 148.5 in 1951, het die gemiddelde maandelikse indeks van die waarde van bouplanne goedgekeur in die agtien vernaamste stede van die Unie, afgeneem tot 115.1 in 1952, hoofsaaklik weens 'n daling in die geval van besigheidsgeboue, alhoewel daar ook 'n vermindering was in die planne wat vir woonhuise goedgekeur is. Soos uit die grafiek hieronder opgemerk sal word, het die maandelikse indekssyfers, na aansuiwing vir seisoensbewegings, gedurende 1952 'n voortsetting getoon van die afwaartse neiging wat gedurende die laaste paar maande van 1951 ingetree het. So ook het die indeks van die waarde van geboue waarmee 'n aanvang in hierdie stede gemaak is, 'n dalende neiging gedurende 1952 getoon; die gemiddelde maandelikse indeks het nl. gesak van 151.9 in 1951 tot 128.8 in 1952, vergeleke met 107.8 in 1950.

Die indekssyfers van bouplanne goedgekeur en geboue begin, versaf egter nie 'n goeie aanduiding van die werklike boubedrywigheid gedurende die tydperk waarop hulle betrekking het nie, en dit wil op grond van ander beskikbare gegewens voorkom asof die bedrywigheid, op 'n gemiddelde maandelikse basis, in 1952 gunstig vergelyk het met dié in 1951. Die steekproefsyevers van werkverskaffing in die boubedryf, versamel deur die Buro vir Sensus en Statistiek toon, bv., 'n toename aan vanaf 1951 tot 1952, terwyl stygings ook aangeteken is in die produksie van sement en boustene. Aan die ander kant, gereken op 'n maandelikse basis, het die indeks van werkverskaffing gedurende die tweede helfte van 1952 geneig om te daal, waaruit dit skyn asof die afwaartse beweging in die waarde van bouplanne

goedgekeur en van geboue begin, 'n uitwerking gedurende die tweede helfte van die jaar begin toon het. Dit stem ook ooreen met die beskikbare werkloosheidsyfers vir die boubedryf, wat aantoon dat die gemiddelde aantal blanke en nie-blanke geskoolede werkers, uitgesonderd naturelle, geregistreer by die staatsarbeidsburo's, in die tweede helfte van die jaar effens hoër was as in die eerste helfte.



Waardeindeks (1948 = 100) — Aangesuiwer vir seisoenskommelings.

BUITELANDSE HANDEL

Na die rekordpeil wat in 1951 bereik is, het die waardesyfers van die Unie se buitelandse handel gedurende 1952 'n daling getoon. Terwyl invoerbeheer in 1951 aansienlik verslap is met die oog op die versterking van die land se voorradepositie, is dit weer strenger toegepas gedurende 1952, veral t.o.v. verbruiksgoedere, sodat die totale goedereinvoer, volgens voorlopige gegewens, gedaal het van ongeveer £470 miljoen in 1951 tot omstreng £420 miljoen in 1952, d.w.s. met ongeveer £50 miljoen. Uitgesonderd regeringsvoorraad, wat met naasteby £9 miljoen toegeneem het, het die afname ongeveer £59 miljoen beloop, en die rol wat verbruiksgoedere, veral tekstiele en klere, in hierdie afname gespeel het, word weerspieël in die volgende tabel wat die veranderings aantoon volgens klas van invoere, soos ingedeel deur die Departement van Doeane en Aksyns:—

Invoerklas	Toename of Afname in £ miljoene
Diere, landbou- en dierlike produkte	- 1
Voedsel, drank en tabak	7
Weefsels, klere, garing en vesels	- 59
Metale, metaalfabrikate, masjinerie en voertuie	3
Delfstowwe, erde- en glaswerk	3
Olie, was, harssoorte, verfmiddels en vernisje	- 2
Drogerye, chemikalieë en misstowwe	1

Leer, rubber, en fabrikate daarvan	— 6
Hout, rottang, riet en fabrikate daarvan	— 2
Boeke, papier en skryfbehoeftes	— 2
Juweliersware, uurwerke, weelde-artikels, en musiekinstrumente	— 1
Diverse goedere	—
Totaal	— 59

Wat die neiging in die maandelikse syfers vir die waarde van invoere (seisoensbewegings uitgesonderd) betref, blyk dit uit die bestaande grafiek dat, nadat die tempo van die sterk stygende beweging gedurende 1950 en die eerste helfte van 1951 aansienlik afgeneem het gedurende die tweede helfte van 1951, daar 'n dalende neiging gedurende 1952 was. Aangesien die prys van invoergoedere nie tot dieselfde mate afgeneem het nie, skyn dit asof die fisiese omvang van invoere, aangesien daarvan dat dit laer was in 1952 as in 1951, ook 'n dalende tendens gedurende die jaar 1952 getoon het.

Die waarde van die Unie se goedereuitvoer — die gepubliseerde syfers omvat goudprodukte maar nie staafgoud nie — het ook 'n afname getoon vanaf 1951 tot 1952, nl. van ongeveer £347 miljoen tot ongeveer £332 miljoen. Hierdie daling was in hoofsaak te wye aan 'n afname van omstreng £16 miljoen in woluitvoere, wat die daling in wolprys weerspieël, hoewel daar ook ander verminderings was, bv. £3.5 miljoen in die uitvoer van goudprodukte, £4.5 miljoen in mielie-uitvoere, £4.4 miljoen in vrugte-uitvoere en £1.5 miljoen in steenkooluitvoere. Aan die ander kant is verskeie toenames aangeteken, veral die vermeerdering van ongeveer £4.7 miljoen in die uitvoere van koper.

Soos uit die bestaande grafiek blyk, het die maandelikse indeks van die waarde van uitvoere (uitgesonderd seisoensbewegings), wat geneig het om te daal gedurende die laaste ag maande van 1951, na die hoë wolprys van die 1950/51 seisoen, weer gestyg gedurende die eerste vyf maande van 1952, maar toe 'n dalende tendens gedurende die res van die jaar getoon. Wat betref die fisiese omvang van uitvoere, uitgesonderd goud, duis voorlopige berekenings op 'n toename van sowat 5 persent van 1951 tot 1952, hoofsaaklik weens 'n styging in die klas „Diere, landbou- en dierlike produkte“.

Word die bovermelde waardesyfers van invoere en uitvoere herbereken deur die insluiting van Suidwes-Afrika en deur die aanbring van verskeie ander korreksies vir betalingsbalansdoeleindes, dan word gevind dat die goedereinvoer, wat gestyg het van £305 miljoen in 1950 tot £467 miljoen in 1951, verminder het tot ongeveer £417 miljoen in 1952. Invoere uit die dollargebied het met ongeveer £8 miljoen afgeneem vanaf 1951 tot 1952, dié uit ander nie-sterling lande met sowat £14 miljoen, en dié uit die sterlinggebied met ongeveer £28 miljoen.

Goedereuitvoere (met uitsluiting van staafgoud,


goudprodukte en skeepsvoorrade), aan die ander kant, wat gestyg het van £209 miljoen in 1950 tot £281 miljoen in 1951, het effens gedaal tot omstreng £274 miljoen in 1952. Die afname van ongeveer £7 miljoen vanaf 1951 tot 1952 was die netto resultaat van dalings, aan die een kant, van omstreng £12 miljoen en £2 miljoen in uitvoere na die dollargebied en ander nie-sterling lande, onderskeidelik, en van 'n toename, aan die ander kant, van ongeveer £7 miljoen in uitvoere na die sterlinggebied. Dus het die land se handelstekort, goud uitgesonderd, wat gestyg het van £96 miljoen in 1950 tot £186 miljoen in 1951, afgeneem tot £143 miljoen in 1952.

BINNELANDSE HANDEL

Geoordeel volgens die indekse gepubliseer deur die Kamers van Koophandel vir sekere van die belangrikste stedelike gebiede in die Unie, wil dit voorkom asof, hoewel die waarde van kleinhandelsverkope in 1952 'n toename vergeleke met 1951 getoon het, die fisiese omvang van verkope afgeneem het. Die gemiddelde maandelikse indekse van die waarde van omset, het gestyg van 108.1 in 1951 tot 108.3 in 1952 in die geval van Johannesburg, van 107.6 tot 121.1 in die geval van Pretoria, van 102.0 tot 106.3 in die geval van Kaapstad, van 118.5 tot 123.6 in die geval van Oos-Londen, en van 105.6 tot 112.7 in die geval van Durban. Indien hierdie syfers saamgestel word in 'n beswaarde gemiddelde indek vir die vyf gebiede, toon dit 'n toename van 106.6 in 1951 tot 110.6 in 1952, d.w.s. 'n toename van ongeveer 3.8 persent. Aangesien hierdie toename kleiner was as die ooreenstemmende styging van sowat 10.0 persent in die Unie se kleinhandelsprysindeks (huishuur uitgesonderd), skyn dit asof daar 'n daling was in die fisiese omvang van goedere wat in die kleinhandel verkoop is.

Wanneer die bewegings in die gesamentlike maandelikse indekse vir die vyf gebiede ontleed word, wil dit voorkom uit die grafiek hieronder dat, in die geval van die waarde van kleinhandelsomset,

KLEINHANDELS-
VERKOPE



Indekse (1948=100) — Aangesuiwer vir seisoenskommelings.

die aansienlik verminderde koers van toename gedurende 1951 vergeleke met 1950, naasteby gehandhaaf is gedurende die eerste helfte van 1952, maar dat die neiging gedurende die tweede helfte van die jaar effens afwaarts was. In die geval van die fisiese omvang van omset, skyn dit asof, afgesien van tydelike skommelings, die dalende neiging wat gedurende die tweede helfte van 1951 merkbaar geword het, volgehou is gedurende 1952.

VERVOER

Die gemiddelde maandelikse indeks van spoorweginkomste t.o.v. vervoerdienste, wat gestyg het van 124 in 1950 tot 141 in 1951, het verder toegeneem tot 146 in 1952. Soos deur die bostaande grafiek aangedui, word hierdie verdere toename in 1952 in hoofsaak verklaar deur die sterk opwaartse beweging in die maandelikse indekse, uitsluitende seisoenskommelings, gedurende die eerste vier maande van die jaar, aangesien die neiging effens afwaarts was gedurende die res van die jaar.

Die indeks van totale tonmyle van inkomstdraende vervoer, aan die ander kant, was nie alleen hoër in 1952 as in 1951 nie, maar het dwarsdeur die jaar 1952 'n stygende tendens getoon, sodat dit wil voorkom asof daar relatief steeds meer goedere in die laer tariefklasse gedurende die laaste ag maande van die jaar vervoer is. Hierdie verskynsel weerspieël die toename wat in steenkoolvervoer plaasgevind het, sowel as die gevolg van die invoerbeheermaatreëls wat strenger toegepas is t.o.v. verbruiksgoedere.

BETALINGSBALANS

Verskeie betekenisvolle veranderings het gedurende die jaar 1952 in die Unie se betalingsbalans plaasgevind, vergeleke met 1951. Soos onder die hoof „Buitelandse Handel“ hierbo aangedui, het die waarde van beide invoere en uitvoere afgeneem van 1951 tot 1952, maar aangesien die afname in eersgenoemde ongeveer £43 miljoen meer was as dié in laasgenoemde, het die land se handelstekort, goud uitgesonderd, wat gestyg het van sowat £96 miljoen in 1950 tot ongeveer £186 miljoen in 1951, gedaal tot omstreng £143 miljoen in 1952. Word die Unie se netto goudproduksie, aan die een kant, en sy tekort t.o.v. onsigbare poste op lopende rekening (wat gedurende die jaar 1952 gestyg het weens verhoogde dividende verskuldig aan oorseese beleggers en die Unie se betalings t.o.v. verpligtings in Korea), aan die ander kant, in berekening gebring, dan blyk dit, volgens voorlopige skattings, dat die netto lopende tekort teenoor die buitewêreld, wat gestyg het van nul in 1950 tot ongeveer £104 miljoen in 1951, gedaal het tot omstreng £65 miljoen in 1952. Met betrekking tot laasgenoemde was daar tekorte van ongeveer £28 miljoen in die eerste kwartaal, £27 miljoen in

die tweede kwartaal en £11 miljoen in die derde kwartaal, terwyl daar in die vierde kwartaal 'n klein gunstige balans van sowat £1 miljoen was.

Wat kapitaalbewegings betref het die Unie 'n verdere gunstige saldo gedurende 1952 vertoon, hoewel teen 'n afnemende skaal. Voorlopige skattings dui aan dat die netto toestroming van private kapitaal, insluitende handelskrediete en trekkings teen die uraanlenings, ongeveer £44 miljoen beloop het, terwyl die Unie-regering ongeveer £10 miljoen in die vorm van V.S.A. dollars teen die I.B.H.O.-lenings en die deurlopende dollarkrediete getrek het, en ongeveer £5 miljoen in die vorm van 'n Switserse lening ontvang het. Aan die ander kant, was daar 'n vermindering van sowat £1 miljoen in die banke se korttermynverpligtings teenoor die buiteland, sodat die totale netto toestroming van kapitaal uit alle bronne in 1952 ongeveer £58 miljoen beloop het, vergeleke met ongeveer £66 miljoen in 1951.

Ten gevolge van die netto lopende tekort van ongeveer £65 miljoen en die netto kapitaaltoevloei van sowat £58 miljoen, het die Unie se totale goud-en valutabesit, d.w.s. dié van die Reserwebank, die handelsbanke, en die Unie-regering, in 1952 met slegs £7 miljoen afgeneem, vergeleke met 'n daling van ongeveer £38 miljoen in 1951. Die afname van £7 miljoen in die goud- en valutabesit gedurende 1952 is ten volle weerspieël in 'n daling in die goudreserves; die totale verkopings van goud en goudprodukte vir die jaar het nl. sowat £157 miljoen beloop vergeleke met die netto goudopbrengs van ongeveer £150 miljoen.

GELD IN OMLOOP

Die hoeveelheid geld in omloop in die Unie, wat verminder het van 'n hoogtepunt van £464 miljoen aan die end van Maart 1951, tot £437 miljoen aan die end van Desember van daardie jaar, het verder afgeneem tot £411 miljoen aan die end van September 1952, maar weens 'n gunstige wending in die betalingsbalans gedurende die laaste kwartaal van die jaar, het die hoeveelheid in omloop weer gestyg tot £439 miljoen teen die einde van 1952. Daar was dus 'n klein netto toename van ongeveer £2 miljoen in die totale geldhoeveelheid gedurende die jaar 1952, bestaande uit 'n vermeerdering van sowat £6 miljoen in banknote in die besit van die publiek, en 'n vermindering van naasteby £4 miljoen in die banke se onmiddellik opeisbare deposito's. 'n Ontleding van die toename van £2 miljoen volgens besitters, toon aan dat die geldhoeveelheid in die hande van die private sektor naasteby konstant gebly het, terwyl dié in besit van uitlanders verminder het met ongeveer £1 miljoen, en dié gehou deur die Regering* vermeerder het met sowat £3 miljoen.

Indien die oorsake van die veranderings in die hoeveelheid geld in omloop nagegaan word, dan word gevind dat die styging van ongeveer £2 miljoen in die totale geldvoorraad gedurende 1952 die netto gevolg was van stylings, aan die een kant, van ongeveer £10 miljoen in die Reserwebank se beleggings in Unie-staatselfekte, £6 miljoen in sy diskonteringe en voorskotte aan Staats- en semi-Staatsliggame, £16 miljoen in die handelsbanke se beleggings in Unie-staatselfekte en skatkisbewyse, en £14 miljoen in hul saldo's by die Nasionale Finansiekorporasie, en van afnames, aan die ander kant, van ongeveer £2 miljoen in die Reserwebank se goud en buite-landse valutabesit en £21 miljoen in die handelsbanke se diskonteringe en voorskotte, terwyl daar ook 'n verskuiwing was van ongeveer £21 miljoen vanaf onmiddellik opeisbare na termyndeposito's by die handelsbanke.


Die aansienlike veranderings in die poste hierbo genoem, was, tot 'n mate, die gevolg van die styging wat gedurende die jaar in die Unie se rentekoersstruktuur plaasgevind het.* Die hoér koerse deur die handelsbanke aangebied, het 'n sterk styging in hul vaste en spaardeposito's veroorsaak, terwyl die hoér koerse deur hulle gevra weerspieël is in 'n vermindering van hulle diskonteringe en voorskotte, alhoewel dit skyn asof die vermindering in laasgenoemde in hoofsaak aan ander faktore verbond was, soos die daling in invoere en voorrade grootliks as gevolg van die verskerping van invoerbeheer. Aan die ander kant, weens die hoér koerse aangebied deur die Regering en die Nasionale Finansiekorporasie, tesame met die afname in invoere en voorrade, het aansienlike hoeveelhede bankfondse aan die Regering beskikbaar geword. Die hoér rentekoersstruktuur het dus nie alleen 'n sterk verskuiwing vanaf onmiddellik opeisbare na termyndeposito's veroorsaak nie, maar ook 'n belangrike rol gespeel in die verskuiwing van bankkrediet van die private na die Regeringsektor. Sodoende het dit as 'n demper op enige verdere aansienlike styging in die totale geldhoeveelheid gedien, insoverre die Regering fondse benodig het en in elk geval van bankkrediet gebruik sou moes maak. Die feit dat die geldvoorraad in die besit van die private sektor geen verandering oor die jaar getoon het nie ten spyte van hierdie verskuiwing van bankfondse na die Regeringsektor, beteken natuurlik dat hierdie fondse terug moes gevloei het na die private sektor as gevolg van staatsuitgawes op goedere en dienste.

Wat die korttermynbeweging in diskonteringe en voorskotte van die handelsbanke betref, blyk dit uit die onderstaande grafiek dat, uitgesonderd seisoenskommelings, die neiging gedurende 1952 betreklik sterk afwaarts was, vergeleke met die sterk

* Besonderhede oor die werklike stylings in die koerse soos aangekondig deur die Regering en verskeie finansiële instellings, is alreeds aangegee in die Junie en September 1952 uitgawes van hierdie blad.

* Insluitende Suid-Afrikaanse Spoorweë en Provinciale Administrasies.

stygende tendens gedurende 1950 en veral 1951. Die gemiddelde maandelikse indeks van diskonteringe en voorskotte was egter nog aansienlik hoër in 1952 as in 1951.



BANKDEBETTE

Die gemiddelde maandelikse indeks van bankdebette, wat alle debette teen lopende rekenings in banke in die Unie dek, uitgesonderd Regeringsrekenings, en wat gestyg het van 112 in 1950 tot 137 in 1951, het verder toegeneem tot die nuwe hoë peil van 147 in 1952. Soos op die bostaande grafiek aangedui, het die sterk tempo van styging in die maandelikse indekse, seisoensveranderings uitgesonderd, gedurende 1950, wat alreeds aansienlik afgeneem het gedurende 1951, veral gedurende die tweede helfte van daardie jaar, nog verder verminder gedurende 1952 toe die tendens slegs effens opwaarts was.


Die koers van toename in die gemiddelde maandelikse indeks van bankdebette van 1951 tot 1952 was aansienlik hoër as dié in die hoeveelheid geld in omloop, sodat die indeks van die omlolopsnelheid van die geldhoeveelheid gestyg het van 147 in 1951 tot 164 in 1952.

GOEDEREPRYSE*

Goederepryse het gedurende 1952 verder gestyg, alhoewel dalende neigings in sekere gevalle vir die eerste keer in baie jare voorgekom het.

Die gemiddelde maandelikse indeks van groothandelspryse vir alle goedere het verder gestyg van 129.1 in 1951 tot 148.0 in 1952, d.i. met 14.6 persent, wat die netto resultaat was van 'n toename van 10.5 persent in die geval van invoergoedere en 'n verhoging van 17.5 persent in die geval van Uniegoedere. Hierdie hoë koers van toename in die prys van Uniegoedere vergeleke met dié van invoer-

goedere gedurende 1952, wat 'n ommekeer verteenwoordig van die toestand gedurende 1951, kan duidelik waargeneem word van die korttermynneigings in die maandelikse indekse soos op die onderstaande grafiek aangetoon. Terwyl die indeks van invoer-goedere nog aanhou styg het tot Mei 1952, en toe 'n effense dalende neiging gedurende die res van die jaar vertoon het, het dié van Uniegoedere sy opwaartse gang tot November 1952 volgehoud, en toe in Desember afgeneem.† Die sloering in die prys van plaaslik geproduseerde goedere teenoor dié van invoer-goedere, word duidelik in hierdie neigings weerspieël.



Kleinhandelspryse het ook verder gestyg en die gemiddelde maandelikse indeks het in 1952 op 125.8 te staan gekom, vergeleke met 115.7 in 1951. Die maandelikse indeks het gestyg van 121.5 in Desember 1951 tot 129.0 in Desember 1952, en, soos uit die bostaande grafiek afgelei kan word, was hierdie opwaartse beweging grootliks die gevolg van hoë voedselprysse, hoewel dit ook gedeeltelik toe te skryf is aan die feit dat, soos deur die Buro vir Sensus en Statistiek verklaar, „die resultate van die Huishuursensus wat in Mei 1952, opgeneem is, wat 'n styging van 10.3 persent in vergelyking met die syfers vir Junie 1950, toon (dit is 'n styging oor 'n tydperk van twee jaar) by die indeks vir September 1952, ingelyf is.“ Aan die ander kant sal dit opgemerk word dat die indeks van die prys van klerasie werklik 'n effense dalende neiging gedurende 1952 vertoon het, vergeleke met 'n sterk opwaartse beweging gedurende 1951. Hierdie verandering in die neiging gedurende 1952 weerspieël die gevolge van die internasionale tekstielkrisis waarna voorheen verwys is.

In die geval van landboupryse was daar 'n skerp afname in die gemiddelde maandelikse indeks wat alle produkte omvat, nl. van 182 in 1951 tot 144 in 1952. Hierdie afname van ongeveer 21 persent word verklaar deur 'n vermindering in die gemiddelde prys van wol, soos weerspieël in die daling van ongeveer

* Sien ook die grafiek op bls. iv.

† In Januarie 1953 het die indekse van beide invoer- en Uniegoedere verdere dalings getoon.

42 persent in die indeks vir die groep „wol, bokhaar, huide en velle”. Uitgeslate hierdie groep, het die gemiddelde maandelikse indeks vir alle ander landbouprodukte saam 'n toename van sowat 13 persent getoon.

Hoewel die gemiddelde maandelikse indeks van landboupryse gedaal het van 1951 tot 1952, was die neiging in die maandelikse indekse in werklikheid opwaarts gedurende 1952, vergeleke met 'n skerp afwaartse beweging gedurende 1951. Dit indeks het nl. gestyg van 144 in Desember 1951, tot 159 in Desember 1952, d.i. met ongeveer 10.4%, wat die netto resultaat was van veranderings in die indekse van die vernaamste klasse van landbouprodukte soos in die tabel hieronder aangetoon:

Groep	Persentasie verandering
Mielies en kafferkorng	+ 6.3
Koring, hawer en rog	+ 8.1
Lusern en tefhooi	+ 14.1
Aartappels, patats, uie en droëbone	+ 124.4
Wol, bokhaar, huide en velle	+ 12.3
Bottervet, kaasmelk en melk vir kondensering	+ 10.6
Beeste, skape en varke	- 3.3
Hoenders, kalkoene en eiers	+ 6.4
Beswaarde gemiddelde	+ 10.4


Wat wol betref, het die beswaarde gemiddelde prys van alle soorte wol (gegrond op prys wat werklik vir vetwol op openbare veilings in Unie-hawens betaal is) in Desember 1952 op 55.38d. per lb. te staan gekom, vergeleke met 51.61d. per lb. in Desember 1951, terwyl die gemiddelde prys van die sewe hooftipes wol 70.52d. per lb. bedra het, vergeleke met 62.59d. per lb. onderskeidelik.

AANDELEBEURSTRANSAKSIES

Die bedrywigheid op die aandelebeurs het gedurende die jaar 1952 verder gedaal. Die prysindeks van die aandele van produserende goudmyne het gesak van 102 in Desember 1951, tot 88 in Desember 1952, dié van die aandele van nie-producerende goudmyne van 87 tot 82, en dié van nywerheidsaandele van 74 tot 57, onderskeidelik. In iedere geval was die gemiddelde maandelikse indeks aansienlik laer in 1952 as in 1951.

Wat omset betref, het die indeks wat alle transaksies in verhandelbare effekte dek, gedaal, op 'n gemiddelde maandelikse basis, van 76.4 in 1951 tot 39.0 in 1952, en die maandelikse indekse het 'n sterk dalende neiging gedurende 1952 getoon,* soos van die onderstaande grafiek afgelei kan word.

* In hierdie verband moet dit vermeld word dat 'n sterk oplewing in goudaandele sedert die begin van 1953 plaasgevind het. Die omsetindeks het, bv., gestyg van 23.5 in Desember 1952, tot 56.3 in Januarie en 93.6 in Februarie 1953.



Waardeindekse (1948 = 100) — Aangesuiwer vir seisoenskommelings.

TRANSAKSIES IN VASTE EIENDOM

Soos op die bestaande grafiek gesien kan word, het daar in die sterk stygende tendens in die waarde van eiendomstransaksies gedurende 1950, wat geneig het om gedurende 1951 op 'n meer konstante peil te beweeg, 'n ommekeer gekom gedurende 1952, toe die maandelikse indekse 'n effense afwaartse tendens openbaar het, hoewel daar 'n oplewing teen die end van die jaar was. Die gemiddelde maandelikse indeks het gesak van 92.5 in 1951 tot 89.7 in 1952, wat die toestand van groter geldskaarste gedurende 1952 weerspieël.

NASIONALE REKENINGE

Volgens die jongste skattings van die Buro vir Sensus en Statistiek, het die Unie se totale geografiese inkome toegeneem van £1,227 miljoen in 1950/51 tot £1,245 miljoen in 1951/52, maar weens 'n aansienlike styling in die inkomste wat nie-Unie-produksiefaktore toekom, soos deur die Buro bereken, het die netto volksinkome, gereken teen heersende prys, effens gedaal van £1,125 miljoen tot £1,123 miljoen onderskeidelik. Die toename in die totale geografiese inkome het plaasgevind ten spyte van 'n afname van ongeveer £28 miljoen in die inkome wat in „Landbou, bosbou, en visserye” ontstaan (hierdie klas weerspieël die daling in die waarde van die wolproduksie), sowel as van klein verminderings onder die hoofde „Goudmyne”, „Handel”, en „Spoorwegvervoer”, en was veroorsaak deur toenames onder meeste van die ander belangrike hoofde van inkome soos geklassifiseer deur die Buro, veral „Private fabriekswese”.

Daar moet egter op gelet word dat die Buro se skattings van volksinkome hierbo gemeld betrekking het op die jare geëindig 30 Junie, en dus die volle uitwerking van die sterk daling in die waarde van

die wolproduksie vanaf die 1950/51 tot die 1951/52 wolsesoen weerspieël. Gereken op 'n kalenderjaarbasis, was die daling in die waarde van die wolskeer sel tussen 1951 en 1952 aansienlik kleiner, en hieruit, sowel as uit ander inligting wat tans beskikbaar is, wil dit voorkom asof nie alleen die geografiese inkome nie, maar ook die netto volksinkome, *op heersende pryse gebaseer*, 'n toename in die kalenderjaar 1952 vergeleke met 1951 getoon het.

Op die huidige stadium is min gegewens beskikbaar vir die doel om ondersoek in te stel na die wyse waarop die volksinkome in die kalenderjaar 1952 deur die Unie se inwoners uitgegee is. Dit skyn egter asof, hoofsaklik weens 'n sterk vermindering in belegging in voorrade, daar 'n groter daling in totale belegging was vanaf 1951 tot 1952, as in die Unie se lopende tekort teenoor die buiteland. Dit sou natuurlik beteken dat daar 'n afname in die totale binnelandse besparings was, en, aangesien binnelandse besparings plus verbruik gelyk is aan volksinkome, wil dit voorkom asof daar 'n toename was in verbruik, d.w.s. in die lopende uitgawes van beide die openbare en die private sektors.

BESLUIT

Word die bovermelde tendense in die verskillende sektors van die Unie se ekonomiese bedrywigheid saamgevat, dan word gevind dat, ten spyte van sommige dalings, bv. in die waarde van buitelandse handel en in aandelebeurs- en vaste eiendomstransaksies, die omvang van die Unie se ekonomiese bedrywigheid, in terme van geld gemeet, 'n verdere styging vanaf 1951 tot 1952 getoon het, soos weerspieël in die toenames in die gemiddelde maandelikse syfers van 'n aantal van die indekse wat behandel is, bv. die waarde van minerale produksie, die waarde van fabrieksopbrengs, die waarde van elektriese stroom opgewek, kleinhandelsomsette, spoorweginkomste, diskontering en voorskotte van die handelsbanke, bankdebette, en volksinkome. Wat die korttermintendens gedurende 1952 betref, skyn

dit egter asof dié min of meer konstant gebly het, nadat die buitengewone tempo van opwaartse beweging wat gedurende 1950 en die eerste helfte van 1951 op devaluasie gevolg het, 'n aansienlike vermindering gedurende die tweede helfte van 1951 ondergaan het.

Die verdere toename vanaf 1951 tot 1952 in die omvang van die Unie se ekonomiese bedrywigheid, in terme van geld gemeet, weerspieël die verdere styging in die algemene pryspeil, eerder as 'n toename in die *fisiese* omvang van ekonomiese bedrywigheid, en dit skyn op grond van die beskikbare inligting asof die korttermynneiging in laasgenoemde effens afwaarts was gedurende 1952.

Met betrekking tot die land se betalingsbalans en sy nasionale rekeninge, het die daling in invoere van 1951 tot 1952 'n sterk vermindering in die netto lopende tekort teenoor die buiteland veroorsaak, sodat die verhouding daarvan tot die geografiese volksinkome afgeneem het van die hoë peil van sowat 10 persent in 1951 tot ongeveer 6 persent in 1952. Verder het die vermindering van die netto lopende tekort die afname in die netto toevloei van kapitaal gedurende 1952 meer as vergoed, in die sin dat dit enige verdere aansienlike daling in die land se goud en buitelandse valutareserwes voorkom het. Aan die ander kant, met betrekking tot belegging, wil dit voorkom asof die verhouding daarvan tot die volksinkome 'n daling in 1952 vergeleke met 1951 getoon het, maar daar moet op gelet word dat hierdie verskynsel hoofsaklik aan die daling in belegging in voorrade toe te skryf is. Die inligting tans beskikbaar dui nie op enige afname in die belegging in vaste uitrusting nie.

In die geheel wil dit dus voorkom asof die Unie se ekonomiese bedrywigheid 'n fase van relatiewe stabiliteit gedurende 1952 binnegegaan het, in vergelyking met die besondere uitbreiding gedurende die afgeloede jare.

T. W. de Jongh,
Statistkus.